

# SARS NEEM VOORSORG TEEN COVID-19 BY TAKKE EN HAWENS VAN BINNEKOMS

**PRETORIA, Sondag 8 Maart 2020** - Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het aangekondig dat hulle verskeie voorsorgmaatreëls in plek gestel het teen die risiko van besmetting met die nuwe Coronavirus (COVID-19).

Kommissaris Edward Kieswetter het gesê dat SARS se belasting-, doeane- en aksynsbedrywighede normaal sal voortgaan by alle SARS-takke, kantore en hawens van binnekoms. Hierdie maatreëls is in lyn met en ter ondersteuning van ander inisiatiewe deur die Departement van Gesondheid.

Alle SARS-takke sal handsteriliseerders beskikbaar stel aan alle belastingpligtiges wat ons takke besoek. SARS sal ook seker maak dat alle werk- en diensareas wat gereeld aangeraak word deur gespesialiseerde skoonmaakmiddels skoongehou word. Inligting sal ook met belastingpligtiges gedeel word oor basiese stappe om die verspreiding van COVID-19 te voorkom.

Bykomend daartoe, het die SARS kommissaris gesê dat, "SARS die afgelope weke persoonlike beskermende toerusting aan doeane-beamptes beskikbaar gestel het, insluitend maskers, handskoene en handsteriliseerders, by alle hawens van binnekoms ingevolge nasionale regeringsriglyne".

SARS doeane-beamptes sal ook bygestaan word deur gesondheidsbeamptes wat reisigers, wat Suid-Afrika binnekom, toets.

SARS-beamptes is ook in kontak met doeane-owerhede van buurlande om inligting te deel oor die uitbreek van die COVID-19 en stappe om die risiko van infeksie te mitigeer.

"Ek maak 'n beroep op alle belastingpligtiges en handelaars om kennis te neem van die beskikbare inligting om stappe te neem om hulle gesondheid en welstand te beskerm. Ons kernboodskap aan ons werknemers, asook belastingpligtiges, handelaars en reisigers, is om nie paniekerig te raak nie, maar om selfsorg en bedagsaamheid teenoor ander te beoefen."

"In hierdie verband, pas hoë vlakke van persoonlike higiëne toe, veral deur gereeld en deeglik hande te was, so min as moontlik hande te skud en te reis, en om binneshuis te bly sou hulle simptome van griep ervaar".

"Ons wil alle belastingpligtiges, handelaars en reisigers verseker dat SARS, in samewerking met ander regeringsdepartemente, sy deel doen om op te tree teen die COVID-19 virus."

SARS sal verdere kommuniqués uitreik wanneer nodig.